## Oud wees

In die eerste padlangs artikel kyk ons bietjie na die warboel van persepsies van oud wees.

Aan die begin van ons lewe is ons nie oud genoeg nie en hunker ons om net 6,13, 18 of 21 te wees. Die fisieke piek word rondom 25 bereik. Verkieslik moet mens voor 30 by die koöperatiewe wêreld aansluit en moet die suksesvolles teen 40 direkteur wees en kinders hê. Na 55 is ons te oud want baie begin hunker na 65 om net waardig weg te kom en rustig pensioenaris te wees. In konteks van die gemiddelde lewensverwagting van 43 in Suid Afrika en 66 internasionaal, is pensioenarisse verby die "rakleeftyd" wat die gemeenskap persepsies bepaal. Aan die anderkant hoor ons dat mense langer leef. Die eerste mense wat 120 gaan word is blykbaar al gebore. Genesis 6:3 sê dat die mens se leeftyd is 120 jaar. Eers te min en dan te veel. Wat is nou eintlik oud wees?

'n Goeie vertrekpunt is die gedagte dat om te doen word altyd voorafgegaan deur om te wees. Ons fisies oud wees bepaal dus wat ons kan doen. Deur gesond te wees kan mens baie meer aktief doen. Gesonder leefstyl verhoog die lewensverwagting. Dus aan die een kant word dit bepaal deur leefstyl keuses wat in ons beheer is. Aan die anderkant neem die risiko van gevreesde en ouderdom siektes toe met tyd en is daar ook genetiese faktore waaroor ons min of geen beheer het nie. Oud wees is dus eerstens relatief tot hoe gesond mens fisies en geestelik is. So kry mens 'n ou 60 jarige en 'n jong 80 jarige.

Om nog bietjie verder te krap kan mens ook sê dat in 'n geestelike sin, gelowiges reeds ewig lewe. My fisiese liggaam is sterflik en deel van die onvolmaakte werklikheid, maar my geestelike bestaan is tydloos en sien uit na die koms van die volmaakte werklikheid. Wie ek geestelik is in Christus, bepaal hoe en wat ek doen. In die konteks van ewigheid (tydloosheid) is oud wees betekenisloos. Wanneer die fisiese liggaam te sterwe kom, stap ek oor na die geestelike werklikheid. Wie ek in Christus is kan ewig God eer. Oud wees is nie 'n Goddelike maatstaf nie.

Bepaal die omgewing en gemeenskap jou oud wees? Hoe lank is oud wees? Is daar verskillende vlakke of stadiums van oud wees?

- Selfstandige funksionering na 65; (Oud wees)
- Ondersteunde semi-selfstandige funksionering; (Ouer wees)
- Afhanklike funksionering. (Oudste wees)

Oud word behels baie individuele prosesse. Oud wees neem aan dat sekere hekkies gespring is en dat die prosesse voor daardie hekkie afgesluit is. Die tydsduur tussen die hekkies verskil van persoon tot persoon. Maak vrede met die afskaal en afsluit van die prosesse. Leef elke dag volheid. Een dag op 'n slag. Wees dankbaar vir elke dag.